’n Vrou om te onthou

Teks: Lukas 17: 20 - 37 & Sondag 48
Teksvers: Lukas 17: 32

1. Inleiding

Wanneer daar skielik ’n vuur in ons huis ontstaan en ons sien dat die gebou nie gered kan word nie wat gryp ons vinnig om saam te neem? Of wanneer ’n vyandige mag skielik aanstorm en ons dadelik vlug van hierdie plek, wat as daar nie tyd is om iets saam te neem nie. Dit is hierdie konteks waaruit ons die leerdiens vanoggend benader.

Sondag 48 handel oor die tweede bede van die Onse Vader gebed. Maar besef ons werklik waaarvoor ons vra wanneer ons bid dat U koningryk kom. Ons fokus vandag op die onverwagse realiteit van die deurbreek van God se koninryk. En dit manier waarop ons vandag hierop gaan fokus, is Jesus se aanhaling oor die optrede van ’n vrou.

In die nuwe testament is daar nie baie teksverwysings na vroue nie. En hier kry ons te doen met ’n naamlose vrou. Al wat ons van haar weet is dat sy Lot se vrou was. Sy is dan ook bekend vir dit wat sy gedoen het, terwyl Lot en sy familie uit Sodom moes vlug. Hulle het natuurlik gevlug oomblikke voor die Here dit ook met swael en vuur verwoes het.

Ons lees in Genesis 19:26 dat Lot se vrou ’n oomblik neem en omdraai en kyk. Ons kan dit vandag romantiseer as ’n laaste oomblik van afskeid neem. Maar die Here beveel duidelik in vers 17 van Genesis 19 dat niemand mag omkyk of vertoef nie. Die hele geskiedenis word in Genesis 19 vir ons opgeteken. Maar ons wil vandag fokus op Lot se vrou se optrede en waarom ons dit altyd moet onthou wanneer ons besig is met koninkryksgesprekke.

2. Eindtye as krisistye

Vandag vra ’n ongelowige wêreld waarom ’n Liefdevolle God ’n hele stad soos Sodom moes vernietig. En die antwoord lê natuurlik in die boosheid wat daar teenwoordig was. Ons weet dat die by uitstek die sonde van homoseksualiteit was wat gestraf i moes word. Die verband tussen die bose daad van Sodomie en die naam Sodom is vandag nog ’n herinnering daaraan. Dus is dit uiteindelik nie die liefdevolle Vader se skuld nie, maar die mens met sy voorliefde vir die bose.

Dit is uiteindelik hierdie oordeel oor die bose wat ook eindtye krisistye maak. Ons sien duidelik in ons teksgedeelte twee sulke oordele. Die eerste is natuurlik Noag en die oordeel oor die bose mense op daardie tydstip van die aarde. Ons weet uit Genesis 6 dat God alles op die aarde verwoes deur die groot vloed, behalwe vir Noag en sy gesin wat in die ark bewaar word.

Ons weet ook Genesis 9:13 tot 16 dat die reënboog die teken is dat die hele aarde nie weer deur water oorstroom sal word nie. Maar wanneer die boosheid van die mense in die stad Sodom uiterste mate bereik sien dat God die hele stand en alles daarin verwoes. Maar hierdie keer is dit swael en vuur waarmee die Here dit doen.

Beide hierdie gebeure dien as profesieë vir dit wat voorlê aan die eindtye van die wêreld. God gaan die al die boosheid finaal en volledig straf. Maar die mens sal egter steeds in hierdie tyd met gewone eet, drink, koop, plant en bou. En die probleem is natuurlik dat ’n ongelowige wêreld heeltemal tevrede is daarmee.

3. Die optrede van Lot se vrou

Maar dit bring ons nog nie by Lot se vrou nie. Soos ons goed weet teen hierdie tyd neem Lot se vrou die tyd om terug te kyk na haar stad, haar huis, haar lewe soos sy dit geken het. Maar hierdie terugkyk ontketen onmiddelik straf van die Here af. Soos ons weet verander sy net daar in ’n soutpilaar. Dit is die einde van die pad vir haar. Nou vra ’n kritiese gehoor weereens, maar is dit nie darem bietjie streng vir ’n liefdevolle God nie? En die antwoord is nee. Want hierdie omkyk is soveel meer as ’n blote afskeidsgebaar. Hierdie om kyk is ’n verlange. Dit is daardie gryp na belangrike besittings in ’n ramp toestand waarvan ons aan die begin verwys het. Dit is uiteindelik presies wat in die volgende vers aan ons verduidelik word. Vers 33 openbaar aan ons: “[33]Elkeen wat sy lewe probeer behou, sal dit verloor, maar elkeen wat dit verloor, sal dit behou.”

Lot se vrou het haar lewe mooi uitgewerk en ingerig gehad in die stad Sodom. Ja daar was boosheid om haar, en hierdie boosheid het op ’n stadium selfs gedreig om haar eie dogters te verswelg, maar dit is mos beter as die onbekende, of is dit? Dit is dikwels waar ons ook vasgedraai sit in die lewe, ons weet alles is nie ideal om ons nie. Maar ons is nie bereid om ons lewens heeltemal aan die Here oor te gee nie.

Vir Lot se vrou het dit beteken dat sy totaal en al op die Here sal moet vertrou, in die nuwe dorp en omgewing. Dikwels wil ons ook nie hierdie groot geloofstappe neem nie. En wanneer ons dit dan wel dikwels doen, kyk ons verlangend terug. Ons dit wat ons moes agterlaat baie. Dikwels so baie dat ons die nuwe beter lewe in die Verlossing van die Here nie eers raaksien nie.

4. Raak nou al deel van die koninkryk

Uiteindelik kom ons nou by die koninkryk van die Here. Dit is belangrik om te sien dat Lot en sy vrou nie uit die koninkryk van die Here geroep word nie. Maar eintlik juis daarin uit Sodom uit. Maar veral Lot se vrou is vasgegroei as ons dit so kan stel aan die koninkryk van die wêreld. Dit is moeilik om van Sodom afskeid te neem. Dit lê ook aan die kern van die algehele boodskap van ons teksgedeelte vandag.

Ons sien dat Jesus en die Fariseërs in ’n woordwisseling gewikkel is oor die koms van die koninkryk. Die Fariseërs soos die mensdom reg deur die eeue wil ’n dag en datum hê wanneer die koninkryk sal kom. En as hulle dit nie kan kry nie, ten minste voortekens. Ten minste ’n waarskuwing dat dit oppad is, sodat daar gereed gemaak kan word. As die mensdom maar net kom weet, kon hulle mos betyd begin voorsorg tref. Die mens kan hom mos dan stelselmatig begin losmaak van hierdie bose wêreld, sodat hy/sy op die dag van wederkoms ekonomiese, sielkundig en geestelik gereed kan wees.

Maar die waarheid is, dat dit nie is hoe dit werk nie. Niemand ken dit tyd of datum nie. Soos met die vorige kere wat die Here al gedeeltes van die oordeel voltrek het, sal mense op die dag van die wederkoms ook maar gewoon voortgaan om te eet, drink en trou totdat dit skielik tyd is.

Die troos van ons teksgedeelte vandag lê egter in die laaste vers. Waar die liggaam is sal die aasvoëls saamkom. Christus verwys natuurlik hier na Sy eie liggaam wat gekruisig sou word om ons los te koop. En die aasvoëls weet om bymekaar te kom. Ons weet dat die koninkryk begin by die Here Jesus Christus se opstanding uit die dood. En ons weet ook dat ons nou al kan begin deel raak van hierdie koninkryk. Wanneer ons ook begin skatte bymekaar maak in die hemelse koningryk sal ons uiteindelik voorentoe kyk en nie agter toe soos Lot se vrou nie. Ons sal uitsien na die volmaakte aanbreek van die koninkryk van die Here.

5. Slot

Ons kan hierdie preek afsluit met ’n ander bekende uitspraak van Christus in Lukas 9:62 sê Hy: “Iemand wat die hand aan die ploeg slaan en aanhou omkyk na wat agter is, is nie geskik vir die koninkryk van God nie.”. Met hierdie woorde som Christus eintlik die boodskap van ons hele preek op vandag. Wanneer ons soos Lot se vrou verlangend terugkyk na die verleidings en versoekings van die wêreld is die koninkryk van die Here nie vir ons nie.

En dit is vraag wanneer ons die woorde laat U koninkryk kom bid. Weet ons werklik waarvoor ons vra? Is ons werklik bereid om die fokus van alles hier rondom ons af te haal en op die Here alleen te plaas? Die harde antwoord is dat wanneer die mens dood is in die sonde kan hy/sy dit nie doen nie. Maar ook hierin is die genade van die Here onbeskryflik groot.

Hy gee Sy enigebore Seun as volmaakte offer in ons plek. Ons plek, of burgerskap in hierdie nuwe koninkryk word baie duur met die liggaam en bloed van Christus gekoop. Al wat vir ons oorbly is om hierdie plek met albei hande aan te gryp en te gaan uitleef hierdie jaar. Dit help nie ons kyk terug na 2023 nie, en ook 2025 is te ver. Ons moet nou vandag al bid en werk vir die koninkryk van die Here.

Amen